



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE**  
**VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008**  
**MEMORANDUM 2008**

**UNTE: 300**

**TYD: 3 ure**

**Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1 LU1 – LU4**

1.1 Verskeie opsies word verskaf as antwoorde op die volgende vrae. Skryf slegs die letter (A – C) van die korrekte antwoord langs die betrokke vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die antwoordeboek neer.

1.1.1 B ✓✓.

1.1.2 B ✓✓

1.1.3 C ✓✓

1.1.4 A ✓✓

1.1.5 A ✓✓

1.1.6 A ✓✓

1.1.7 B ✓✓

1.1.8 B ✓✓

1.1.9 C ✓✓

1.1.10 A ✓✓

1.1.11 C ✓✓

1.1.12 C ✓✓

(12 x 2)

(24)

- 1.2 Kies die korrekte woord uit die gegewe lys en voltooi die stellings wat volg. Skryf slegs die korrekte woord langs die betrokke vraagnommer (1.2.1 - 1.2.5) in die antwoordeboek neer.
- 1.2.1 finansiële rekening ✓✓
- 1.2.2 vermenigvuldiger-effek ✓✓
- 1.2.3 normale wins ✓✓
- 1.2.4 nywerheidsbeleid ✓✓
- 1.2.5 dra vermoë ✓✓ (5 x 2) (10)
- 1.3 Kies 'n omskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - I) langs die betrokke vraagnommer (1.3.1 - 1.3.8) in die antwoordeboek neer.
- 1.3.1 C ✓✓
- 1.3.2 G ✓✓
- 1.3.3 D ✓✓
- 1.3.4 A ✓✓
- 1.3.5 H ✓✓
- 1.3.6 F ✓✓
- 1.3.7 B ✓✓
- 1.3.8 E ✓✓ (8 x 2) (16)

**AFDELING B**

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2**

2.1 Kies die korrekte alternatief tussen hakies:

2.1.1 oop ✓✓

2.1.2 periodiek ✓✓

2.1.3 Laffer ✓✓

2.1.4 nasionalisering ✓✓ (4 X 2) (8)

2.2 Noem DRIE soorte wisselkoersstelsels:

- vryswewende ✓✓
- beheerde swewende ✓✓
- vaste wisselkoers ✓✓ (3 X 2) (6)

2.3 Bestudeer die tekenstorie en grafiek en beantwoord die vrae wat volg:

2.3.1 Die betalingsbalans is 'n rekeningkundige rekord van 'n land se transaksies met die res van die wêreld gedurende 'n gegewe periode ✓✓✓ (3)

2.3.2 Afwaartse neiging ✓✓✓ (3)

2.3.3 Binnelandse verbruik neem toe op spesifiek nie-duursame en semi-duursame goedere, wat druk plaas op produksie, wat binnelandse tekorte veroorsaak – daarom styg invoere ✓✓ DVD's / selfone word ingevoer wat mag lei tot 'n toename in invoere en 'n afname in uitvoere wat die tekort tussen 2002 en 2006 veroorsaak het ✓✓ **OF** invoere van nywerheids-masjinerie benodig in die produksie van drank, pizzas en selfone ✓✓ sal lei tot betaling vir invoere wat ontvangste vir uitvoere oorskrei ✓✓ (Enige ander relevante feit sal aanvaar word) (4)

2.3.4 Invoere oorskrei uitvoere ✓✓✓ (3)

2.3.5 Toename in rentekoers / repokoers ✓✓✓ (3)

2.3.6 Buitelandse direkte investering sal daal agv die invoere van finale goedere en dienste uit die buiteland ✓✓ Wisselkoers (die rand) sal verswak (ingevoerde inflasie) ✓✓ Enige ander relevante feit sal aanvaar word (4)

2.4 Evalueer die belangrikheid van die publieke sektor: (evalueer beteken om 'n oordeel te fel / beoordeel)

1. Gemeenskapsgoedere ✓✓
  - Goedere soos verdediging en straatbeligting – onverdeelbaarheid, omdat nie-betalers nie uitgesluit word nie – kan nie 'n prys op grond van gebruik vra nie – nie verskaf deur private sektor ✓✓ leerder se opinie ✓✓
2. Kollektiewe goedere ✓✓
  - Bv. parke, strande, strate en paaie – moontlik om nie-betalers uit te sluit deur heffing van fooie of tolgelde ✓✓ leerder se opinie ✓✓
3. Meriete / nie-meriete goedere ✓✓

Dienste soos onderwys, gesondheid en biblioteke voorsien deur owerheid, agv ondervoorsiening deur markkragte ✓✓ leerder se opinie ✓✓

(16)  
[50]

**VRAAG 3**

3.1 Kies die korrekte alternatief tussen hakies:

3.1.1 horisontaal ✓✓

3.1.2 ooraanbod ✓✓

3.1.3 duopolie ✓✓

3.1.4 kleiner ✓✓ (4 x 2) (8)

3.2 Noem enige DRIE kenmerke van oligopolieë.

- Tipe produk mag homogeen of verskillend wees ✓✓
  - Toetrede is vry vir nuwe produsente, maar nie maklik nie ✓✓
  - Aansienlike beheer oor pryse ✓✓
- (Enige ander relevante feit sal aanvaar word) (3 x 2) (6)


3.3.1 Bestudeer die tabel en voltooi A – F:

Q	FC	VC	TC	AVC	ATC	MC
0	10	0	10	–	–	<b>A = 0</b>
1	10	4	14	4	<b>B=14</b>	4
2	10	6	16	<b>C=3</b>	8	2
3	10	10	<b>D = 20</b>	3,3	6,7	4
4	<b>E = 10</b>	16	26	4	6,5	6
5	10	26	36	5,2	7,2	10
6	10	<b>F = 40</b>	50	6,7	8,3	14
7	10	58	68	8,3	9,7	18
8	10	80	90	10	11,3	22

✓	✓	✓	✓
verdeling	bly konstant bytel	aftrekking aftrekking	bytel

3.3.2



3.3.3 Waar grenskoste = gemiddelde totale koste ✓✓✓ (3)

3.3.4 Aanvanklik 'n skerp afname en dan weer 'n skerp toename / v-vorm ✓✓✓ (3)

3.4 Verduidelik die gebruike van koste-voordeel ontleding:  
GEBRUIKE:

Gebruik in die publieke sektor wanneer grootskaalse publieke investeringsprojekte geëvalueer word bv. nuwe hoofweë, spoorlyne ✓✓

4 aangeleenthede:

- Alle moontlike koste en voordele moet geïdentifiseer en bereken word ✓✓ bv. Eskom elektrisiteitvoorsiening is onderbreek – wie sal die koste dra? ✓✓
- Raming van koste en voordele (markpryse) ✓✓ bv. Gautrein projek is so groot dit lei tot verwringing van markpryse ✓✓
- Rentekoers vir verdiskontering – koste en voordele op verskillende tydstippe ter sprake ✓✓ bv. die repokoers of bankuitleenkoers, waar SA nog nie lae rentekoersvlakke bereik nie, kan repokoers nog relatief hoog wees ✓✓
- Inkomsteherverdeling konsentreer op ekonomiese doeltreffendheidsvoordele van projek ✓✓ – as voordele koste oorskrei, word projek aanvaar ✓✓

(8 X 2)

(16)

[50]

**VRAAG 4**

4.1 Kies die ontbrekende alternatief tussen hakies:

4.1.1 groeikoers ✓✓

4.1.2 ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe ✓✓

4.1.3 uitvoerbevordering ✓✓

4.1.4 demografiese ✓✓ (4 x 2) (8)

4.2 Noem enige DRIE argumente ten gunste van vryhandel:

- Vryhandel is oorredend ✓✓
- Lei tot groter wêreldproduksie / ekonomiese groei, winste, besparing en belegging ✓✓
- Laat spesialisasie toe ✓✓
- Lei tot wedersydse voordele by internasionale handel / ontwikkelende lande maak misbruik van buitelandse kundigheid / innovasie ✓✓
- Doeltreffende verdeling van hulpbronne / verbeter kompetisie en hulpbrontoedeling / keuse ✓✓
- Optimale gebruik van skenkings ✓✓
- Handelsbeperkings mag lei tot weerwraak ✓✓
- Algemene mening dat oop ekonomie beter vaar / toenemende doeltreffendheid / skaal-ekonomieë ✓✓
- Beskerming lei to koste in gemeenskap, ondoeltreffendheid en verlies in welvaart ✓✓
- Genereer buitelandse valuta ✓✓ (3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die grafieke en beantwoord die vrae wat volg:

4.3.1 Ekonomiese aanwysers word gebruik om die werksverrigting van die ekonomie aan te dui – toon rigting waarin ekonomie beweeg ✓✓✓ (3)

4.3.2 BBP is totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne landsgrense in 1 jaar ✓✓ een van mees belangrike maatstawwe van ekonomiese prestasie – meet toename in omvang van ekonomie, teen konstante pryse ✓✓ verwys na geografiese gebied – markpryse word gebruik ✓✓ (Enige 2 X 2) (4)

4.3.3 Ongelykheid in verdeling van inkome ✓✓✓ (3)



- 4.3.4 Ongelykheid in verdeling van inkome het gestyg ✓✓ hoe nader aan 1 hoe meer ongelyk die verdeling van inkome, hoe nader aan 0, hoe meer gelyk die verdeling van inkome ✓✓ (4)
- 4.3.5
- Minder nywerheidsontwikkeling ✓✓✓
  - Optrede van vakbonde ✓✓✓
  - Enige ander relevante feit (3)
- 4.3.6 Rentekoerse word uitgesluit ✓✓✓ (3)
- 4.4 *Vergelyk en evalueer* kleinsake-ontwikkeling en swart ekonomiese bemagtiging as deel van Suid-Afrika se ontwikkelingsbeleid in terme van internasionale maatstawwe. (om te vergeelyk beteken om dinge te ondersoek om te sien hoe hulle ooreenstem of verskil).
- SA se nywerheidsontwikkelingsbeleide is min of meer in ooreenstemming met SA toestande en stem ooreen met internasionale beste praktyk ✓✓
- KLEINSAKE-ONTWIKKELING:**
1. Aangetref in ontwikkelde- en ontwikkelende lande ✓✓
  2. Motief is werkverskaffing aan struktureel-werkloos ✓✓
  3. Department van Handel en Nywerheid se program-inisiatiewe skep geleentheid en ondersteun KMMOs omdat hulle fokus op oorhoofse dienste en sektorale inisiatiewe ✓✓
  4. Fokus op aansporings vir klein besighede, verbeterde toegang tot finansies en advies, en bevordering van entrepreneurskap onder jeug en vroue ✓✓
- SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING:**
1. VN en Wêreldbank beklemtoon belangrikheid van bemagtiging van inheemse mense ✓✓
  2. Internasionale reg erken rol van wetgewing om inheemse mense te bemagtig ✓✓
  3. Verskeie wette soos Employment Equity Act dwing bemagtiging en transformasie in SA af ✓✓
- (Enige ander relevante feit sal aanvaar word.) (2 X 8) (16)  
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Kies die korrekte alternatief tussen hakies:

5.1.1 deflasie ✓✓

5.1.2 direkte ✓✓

5.1.3 produksie ✓✓

5.1.4 voordele ✓✓ (4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE ekonomiese effekte van toerisme:

- Direkte buitelandse besteding deur toeriste ✓✓
- Werkverskaffing / indiensneming ✓✓
- Entrepreneuriese geleenthede en informele sektor ✓✓
- Buitelandse valuta skepper ✓✓
- BBP ✓✓
- Armoede verligting ✓✓
- Eksternaliteite ✓✓
- Omgewing ✓✓
- Infrastruktuur ✓✓

(Enige 3 X 2) (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

5.3.1 Betrek mense wat beweeg uit hul oorspronklike woonplek na 'n bestemming waar hulle gebruik maak van fasiliteite en deelneem aan aktiwiteite ✓✓✓ (3)

5.3.2 “Sleutel staatsbeheerde ondernemings ...” ✓✓✓ (3)

5.3.3

- 37 % daling in produksie van koring, rys en mielie-opbrengs ✓✓
- afname in 30 % van grootste riviere wat die rykste landboustreke in China van water voorsien ✓✓✓
- een meterhoë styging in seevlak – helfte van bevolking dakloos en 60 % ekonomiese uitset verlore ✓✓✓

(Enige 1 X 3) (3)

5.3.4

- plaas meer sisteme in plek om hernubare energie te verskaf ✓✓
- verminder energie-intensiteit ✓✓✓ (6)

5.3.5

- geboorte-beperking strategie ✓✓✓
- help met energievoorsiening ✓✓✓
- los probleem van aardverwarming op ✓✓✓

Enige ander relevante feit sal aanvaar word (3)

- 5.3.6
- Klimaatstoestande verander – droogte, geen water ✓✓
  - Beperkte produksie van landbouprodukte ✓✓
  - Beperkte ruimte vir toeriste ✓✓
  - Beperkte aanbod van energie ✓✓
- (Enige 1 X 2) (2)

- 5.4 *Analiseer* omgewingsvolhoubaarheid in terme van besoedeling, beskerming, bewaring en eksternaliteite. (om te analiseer beteken om op te breek in dele om sodoende die probleem beter te verstaan) (16)

**BESOEDLING:**

- Mense plaas regstreeks of onregstreeks afvalstowwe in die omgewing ✓✓
- Definisie: wanneer uitvloeï van afval weens menslike bedrywighede die natuur se vermoë oorskry om dit te verwerk ✓✓
- Tegnologie en beheer: nuwe tegnologie lei tot skoner omgewing ✓✓
- Marginale besluite: keuse is tussen verskillende grade van besoedeling grensbeginsel word toegepas nl. om bepaalde vlak van besoedeling te aanvaar ✓✓
- Eiebelang: rede waarom markeconomie misluk om besoedeling te beperk – eksterne koste kan nie afgedwing word nie ✓✓
- Beleidsprobleme: moeilik om beleid toe te pas a.g.v. ontasbare voordele waarvoor geen prys bestaan nie ✓✓

**BESKERMING:**

- Menslike aktiwiteite beïnvloed omgewing, wat besoedeling veroorsaak en omgewing oorbenut ✓✓
- Aspekte: geleentheidskoste, eksternaliteite is teenwoordig en eiebelang het korttermyn leeftyd ✓✓
- Beskerm bron: beperk benutting om bron in stand te hou sodat gestabiliseerde bron behou kan word ✓✓
- Behoud van hernubare bron: gevaar van oorbenutting wat groter is as aanwas van bronne – bron kan nie weer herstel nie ✓✓

**BEWARING:**

- Hou iets in stand – bronne wat nie-hernubaar is maar ook onvervangbaar soos 'n moerasgebied ✓✓
- Private eiendom: sal nie slaag as private onderneming nie bv. boer gebruik riviermond eko-sistiem vir boerdery aangeleenthede ✓✓
- Geen kompromie: geleentheid om gebied in vakansie-oord te omskep mag lei tot ernstig benadeelde plant- en dierelwe ✓✓
- Owerheidsbeleid: staat moet intree – koop of onteien, subsidieer, beheer ✓✓

**EKSTERNALITEITE:**

- Ekstra koste en voordele nie by marktransaksies ingesluit nie, kan positief of negatief wees ✓✓
  - Negatiewe eksternaliteite: lug en waterbesoedeling word oorvoorsien in mark ✓✓
  - Positiewe eksternaliteite: besighede verwag om sekere bedrag te spandeer op toerusting wat besoedeling verminder – skoner lug kan ander bevoordeel ✓✓
- (4 X 4)

[50]

**VRAAG 6**

6.1 Kies die korrekte alternatief tussen hakies:

6.1.1 inspuitings ✓✓

6.1.2 eksogeen ✓✓

6.1.3 'n begroting ✓✓

6.1.4 appresiasie ✓✓

(8)

6.2 Noem enige DRIE kenmerke van monopolistiese mededinging

- Groot aantal produsente aktief in mark ✓✓
- Aard van produk is gedifferensieerd ✓✓
- Vrye marktoetrede ✓✓
- Besighede het min beheer oor prys van produk ✓✓
- Onvoldoende inligting oor beide kopers en verkopers ✓✓

(Enige ander relevante feit sal aanvaar word)

(Enige 3 x 2)

(6)

6.3 Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg:

6.3.1 A = R8 000 ✓

B = R10 000 ✓

C = R2 000 ✓

D = R1 000 ✓

E = R7 000 ✓

F = R2 500 ✓

G = R4 500 ✓

(1 X 7)

(7)

6.3.2 • As inkomstebelasting daal, sal die vermenigvuldiger styg ✓✓

- Verbruikbare inkomste sal styg – verbruiksbesteding sal styg ✓✓

(2 X 2)

(4)

6.3.3 • Reële vloei: goedere en dienste word verkoop in produktemark of produksiefaktore in faktormark ✓ bv. arbeid ✓

- Geldvloei: inkomste en besteding ✓ bv. huur ✓

(4)

6.3.4 C = private verbruiksbesteding ✓

I = investering ✓

G = owerheidsverbruiksbesteding ✓

X = uitvoere ✓

M = invoere ✓

(5)

6.4 Verduidelik eksternaliteite en publieke goedere as redes vir markmislukking.  
EKSTERNALITEITE – private koste en voordele (3de partye)✓✓ nie onderhewig aan werking van prysmeganisme nie – prys word nie toegeken nie✓✓

- Beweeg nie deur mark nie en behaal nie prys nie ✓✓
- Verskil tussen sosiale koste en voordele en private voordele.✓✓
- Bestaan in produksie en verbruik✓✓ egter gebaseer op private koste en voordele en is vername oorsaak van markmislukking.

PUBLIEKE GOEDERE:

- Is nie-mededingend en nie-uitsluitend ✓
- Gemeenskapsgoedere waarvoor nie voorsien word deur prysmeganisme nie / kollektief of sosiaal ✓✓
- Markte kan nie in behoefte voorsien nie bv. verdediging en straatbeligting ✓✓
- Owerheid maak voorsiening ✓✓

(Enige ander relevante feit sal aanvaar word)

(2 X 8)

(16)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B:**

**150**

**AFDELING C**

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

- I. Opstelantwoorde moet 'n inleiding, inhoud en slot insluit. Vir die inhoud en slot sal 5 punte toegeken word. Daarbenewens sal 5 punte toegeken word vir interpretasie van die onderwerp en taalgebruik. 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.
- II. Ander lang antwoord-vrae: Vir die struktuur sal 5 punte toegeken word. Daarbenewens sal 5 punte toegeken word vir interpretasie van die onderwerp en taalgebruik. 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.
- III. Langantwoord-vrae, waar 'n brief vereis word, sal as volg bepunt word:
  - 5 punte toegeken vir die formaat van die brief en wel as volg: 3 punte vir die aanhef en 2 punte vir die slot;
  - 5 punte sal toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp en taalgebruik;
  - 'n maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.

**VRAAG 7**

“Dit is ekonomie se werk om gebeurtenisse soos hulle plaasvind te ontleed, te verduidelik en hul toekomstige gedrag te voorspel of vooruit te skat.” - Mike Levin

Bespreek hoe sakesiklusaanwysers gebruik word in vooruitskatting van sakesiklusse. Maak gebruik van 'n diagram om 'n tipiese sakesiklus te verduidelik. Voltooi jou bespreking met 'n nota aan die plaaslike besigheidskamer, waarin jy aandui waar – volgens jou – ons ekonomie hom tans bevind in die siklus.

**[50]**

- Belangrik vir die wat graag wil weet of ekonomiese toestande verbeter of versleg ✓✓
- Waar die ekonomie hom in die besigheidsiklus bevind en in watter rigting dit beweeg ✓✓
- Dis belangrik dat ons sekere kritiese veranderlikes of aanwysers identifiseer ✓✓ wat moontlik sekere bewegings voorspel in die totale ekonomiese aktiwiteit

**1. DRIE GROEPE SAKESIKLUSAANWYSERS:**

- 1.1 Leidende aanwysers ✓✓
- 1.2 Samevallende aanwysers ✓✓
- 1.3 Sloerende aanwysers ✓✓

**1.1 Leidende aanwysers**

- Lei die siklus in sy ekonomiese groei vir 'n vaste periode ✓✓
  - Sikliese gedrag het 'n vaste verhouding met besigheidsiklus ✓✓
  - Word gebruik om draaipunte te voorspel, aangesien hulle ook gelei word wat uit uiteindelik lei tot die sakesiklus ✓✓
  - Bereik 'n piek voor die piek in totale ekonomiese aktiwiteite bereik word ✓✓
  - Bereik 'n trog voordat die totale ekonomiese aktiwiteite 'n trog bereik ✓✓
  - Gaan die waarskuwing vir verandering in totale ekonomiese aktiwiteite vooraf ✓✓
- (maks 10)

## 1.2 Sloerende aanwysers


- Volg die samevallende aanwysers ✓✓
- Dien as versterking vir die optrede van samevallende aanwysers ✓✓
- Indien dit nie die op- of afswaai bevestig nie, gee dit tekens dat die op- of afswaai verswak en binnekort eindig ✓✓
- Verander rigting nadat die spesifieke draaipunte in die sakesiklus bereik is ✓✓
- Bevestig veranderinge wat eerstens voorspel is deur die leidende aanwysers en toe deur die samevallende aanwysers ✓✓
- Voorsien 'n vooraf-waarskuwing vir 'n draaipunt in die sakesiklus ✓✓
- Weerspieël eerstens wanbalanse wat intensiteit (toename) of subsidies (afname) in die ekonomie aantoon ✓✓
- Beïnvloed die bewegings in samevalling van die leidende aanwysers wat 'n oorsig bied van die besigheidsiklus wat die volgende siklus skep ✓✓ (maks 10)

## 1.3 Samevallende aanwysers

- Bruto waarde toegevoeg teen konstante pryse, uitgesluit landbou, bosbou en visserye ✓✓
- Waarde van groothandel, kleinhandel en nuwe voertuigverkope teen konstante pryse ✓✓
- Gebruikmaking van produksiekapasiteit in vervaardiging ✓✓
- Totale formele nie-landbou indiensname ✓✓
- Nywerheidsproduksie indeks ✓✓ (maks 10)

## 2. DIAGRAM

Ekonomiese aktiwiteit



## 3. NOTA AAN BESIGHEIDSKAMER

- Baie sterk moontlikheid dat ons 'n reses betree (volgens sekere ekonome) a.g.v.: hoë rentekoerse, hoë petrolpryse, kragonderbrekings wat produksie-aktiwiteite negatief beïnvloed oor die hele land heen – mag lei tot besnoeiing van koste bv. aflê van werkers OF
- Suid-Afrika sal in opswaائفase bly alhoewel ons sterk negatiewe elemente ervaar soos kragonderbrekings, is ons ekonomie sterk genoeg om 'n reses af te weer in die ekonomie
- Die nota is 'n ope-antwoord – wat die oogpunt van die leerder ookal is, moet dit gemerk word in daardie konteks. (maks 10)

Gebruik die volgende rubriek tesame met bogenoemde om die bespreking te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp.
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is aanvaarbaar, met 'n mate van foutiewe woordeskat en puntuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord lees maklik en is goed gepunktueerd.

PUNTE	AANBIEDING VAN FEITE (KOGNITIEWE INHOUD)
1	Demonstreer beperkte vermoë om die inhoud in die regte konteks te gebruik; redelike skryfstyl.
2	Demonstreer 'n redelike vermoë om die inhoud in die korrekte konteks te gebruik; goeie skryfstyl.
3	Demonstreer die vermoë om inhoud sinvol in die korrekte konteks weer te gee; baie goeie skryfstyl.
4	Demonstreer die vermoë om die inhoud volledig weer te gee in die vereiste konteks; puik skryfstyl.
5	Demonsteer uitstaande vermoë om die inhoud in die korrekte konteks weer te gee; uitstaande skryfstyl.

(10)



**VRAAG 8**

Dit is die doelwit van besighede wat sake doen in 'n vrye markstelsel om hul winste te maksimeer. Die industrie word gekenmerk deur 'n vryheid van toe- en uitrede.

Skryf 'n opstel waarin jy volledig aan die hand van 'n diagram verduidelik hoe langtermynewewig vir die nywerheid onder toestande van volmaakte mededinging bereik sal word.

**[50]****INLEIDING**

Die industrie is die som van alle individuele besighede betrokke in 'n spesifieke industrie ✓✓✓


Die LGK-kurwe dui die laagste koste per eenheid aan waarteen enige bepaalde opbrengs, soos op die horisontale as aangedui word, op die lang termyn geproduseer kan word.

Industrie bestaan uit alle individuele besighede wat produksie lewer in 'n spesifieke mark bv. koringmark (maks 3 punte)

**INHOUD**

- Op langtermyn is alle produksiefaktore veranderlik – besighede kan produksiekapasiteit ten volle aanpas ✓✓
- Besighede sal nie ekonomiese wins of verlies oor die langtermyn saak/lei nie ✓✓
- Nuwe besighede kom mark binne en ander maak aanpassings – ewewig waar alle besighede bloot normale winste maak ✓✓
- Industrie as geheel kan uitbrei of krimp, omdat nuwe besighede kan toetree tot die mark of bestaande besighede steeds kan bestaan ✓✓
- Grafiek illustreer die manier waarop besighede wat 'n ekonomiese wins maak, hul ewewigspesie oor die langtermyn aanpas onder toestande van volmaakte kompetisie ✓✓
- EKONOMIESE WINS: veronderstel korttermynaanleg van besigheid word deur KGK1 voorgestel ✓✓ As markprys P1 is, maak besigheid ekonomiese wins van P1E1FP2 met korttermynaanleg deur KGK1 voorgestel ✓✓ Teen prys P1 sal besigheid op korttermyn wins maksimeer by punt E1 waar beginsel vir winsmaksimering  $MI = MK \text{ geld} - \text{hoeveelheid } q_1 \text{ sal geproduseer word}$  ✓✓
- GROTER AANLEG, LAER EENHEIDSKOSTE: indien goeie kostevoorskatting gedoen word, besef ondernemer dat by uitbreiding op langtermyn teen laer eenheidskoste kan produseer soos dalende gedeelte van LGK-kurwe toon ✓✓ Moontlikheid van groter wins sal lei tot bou van groter aanleg ✓✓ Besigheid sal nie geïntresseerd wees in produksie teen hoër vlakke as ES of LGK omdat dit hoër kostevlakke verteenwoordig ✓✓ - interne skaalnadele (disekonomieë van skaal) veroorsaak LGK om te styg tot regs van punt E2 ✓✓
- NUWE TOETREDERS, GROTER AANBOD: Ekonomiese wins trek nuwe besighede na die industrie omdat hoeveelheid aangebied op mark toeneem a.g.v. uitbreiding van bestaande besighede ✓✓ aanbodkurwe skuif na regs (S na S1) – prys daal totdat dit prysvlak P bereik ✓✓ Prys P is op dieselfde vlak as die minimumpunt in LGK waar totale inkomste  $OP \times Oq_2$  gelyk is aan totale koste  $Oq_2 \times q_2E_2 = \text{normale wins}$  ✓✓ langtermynewewig

- **AANVANKLIKE VERLIESE:** aanpassing van besighede wat aanvanklik ekonomiese wins maak is bespreek. As besigheid egter verliese ly (markprys is benede minimumpunt van langtermyn gemiddelde kostekurve) werk proses andersom ✓✓ eindelik vorm LGK-kurwe raakpunt met vraagkurwe en sal besighede in nywerheid oor, normale wins maak ✓✓
- Gevolgtrekking uit ontleding sê dat prys van produk op langtermyn onder volmaakte mededinging te staan sal kom op vlak wat ooreenstem met laagste punt van LGK-kurwe ✓✓ Punt E verteenwoordig ewewig oor langtermyn ✓✓ geen aansporing om nywerheid te verlaat nie ✓✓ as markprys vasgestel is onder volmaakte mededinging teen vlak waar elke besigheid in ewewig is, bty minimum punt van LGK-kurwe, sal industrie ook in langtermynewewig wees ✓✓
- **EWEWIG:** as langtermynewewig bereik word, voorsien geen verandering in tegnologie of produksiefaktore nie, omdat daar geen verdere toetrede of uitrede van enige besighede sal plaasvind nie ✓✓



TOEKENNING VAN PUNTE VIR GRAFIEKE:

- Benoeming van asse X 2 per grafiek
- Nommering van asse X 2 per grafiek
- Korrekte uitleg van grafieke X 2 per grafiek
- Benoeming van grafieke X 2 per grafiek
- MAKSIMUM = 8 PUNTE PER GRAFIEK

**SAMEVATTING**

Enige toepaslike sin – 2 punte maksimum.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp.
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.



PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is aanvaarbaar, met 'n mate van foutiewe woordeskat en punktuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord lees maklik en is goed gepunktueerd.

(5)

**VRAAG 9**

Sedert 1994 het Suid-Afrika aansienlike vordering getoon wat betref bilaterale ooreenkomste met hul grootste handelsvennote. Dit het hoofsaaklik die vorm van 'n vryehandelsgebied-protokol aangeneem.

Skryf 'n brief aan die Minister van Handel en Nywerheid, waar jy die argumente ten gunste van beskerming bespreek. Evalueer SADU, SAOG en AU as vernaamste protokolle in terme hiervan.

Rig jou brief aan die volgende adres: P/sak X101, Kaapstad, 8000.

**[50]**

Adres van afsender

Datum

Minister van Handel en Nywerheid  
P/sak X101  
KAAPSTAD 8000 ✓✓✓

Meneer

**ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN BESKERMING**

Aangesien beskerming die toepassing van 'n handelsbeleid is waar u as deel van die owerheid invoere van sekere goedere en dienste ontmoedig met die doel om plaaslike nywerhede te beskerm teen ongelyke kompetisie van oorsee, wil ek graag beklemtoon wat die vernaamste argumente ten gunste van beskerming is:

**1. NYWERHEIDSONTWIKKELING ✓**

- Sekere lande is geskik vir ontwikkeling van sekere soorte nywerhede ✓✓
- Indien daar vryhandel toegepas word, sal hierdie nywerhede nie in staat wees om te kompeteer met ou, gevestigde nywerheidslande nie, aangesien die eerste paar jaar die moeilikste is ✓✓
- Gevestigde lande gebruik onregmatige metodes van pryssny en storting – daarom sal ons nywerhede beskerming benodig ✓✓
- Deurdat hierdie nywerhede beskerm word, sal kompetisie voorkom word wat die groei van plaaslike nywerhede sal keer ✓✓
- U moet besef hoe moeilik dit is om beskerming wet te neem, omdat beskerming wat toegepas word vir 'n sekere tyd, beskou word as permanent ✓✓

2. STABIELE LOONVLAKKE EN Hoë LEWENSTANDAARD ✓
  - Ons mag dink dat die lewenstandaard ondermyn word met goedkoper goedere wat ingevoer word van lande af waar laer lone geld ✓✓
  - Dis egter nie korrek nie, aangesien hoër lone die gevolg van hoer produksiekoste is – as werkers meer produktief is, sal die eenheidskoste van produksie relatief laag wees ✓✓
  - Beskerming kan lae plaaslike loonvlakke voorkom ✓✓
3. VERMINDER WERKLOOSHEID EN VERSKAF MEER WERK ✓✓
  - Buitelandse mededinging mag lei tot plaaslike nywerhede wat nie in staat is om 'n wins te maak nie – produksie mag gestaak word ✓✓
  - Indien beskerm, mag dit lei tot laer werkloosheid – slegs van toepassing indien produksie vir plaaslike mark plaasvind ✓✓
  - Werkloosheidsprobleem kan nie opgelos word deur beskerming nie ✓✓
4. EKONOMIES SELFONDERHOUDEND ✓
  - In oorlogstyd/wrywing tussen lande/verskuiwing in vraag/afhanklikheid van ander land/lande aangesny – moet selfonderhoudend wees ✓✓
  - Beskerming moet toegeken word aan sleutelnywerhede ✓✓
5. GEVAAR VAN STORTING ✓
  - Somtyds verkoop goedere in buiteland teen laer pryse as gevra tuis ✓✓
  - Beskerming voorkom dat buitelandse nywerhede hul surpluses en buite-seisoen goedere teen lae pryse plaaslik verkoop, wat plaaslike nywerhede benadeel ✓✓
  - Rede vir storting is om nuwe market te verower en finansiële swakker nywerhede uit mededinging te dryf ✓✓
6. INWONERS VAN LAND NIE IN STAAT OM GELD OORSEE TE SPANEER NIE ✓
  - Geld bly en sirkuleer in land ✓✓
  - Beskerming voorkom dat buitelandse nywerhede hul surpluses en buite-seisoen goedere teen lae pryse plaaslik verkoop, wat plaaslike nywerhede benadeel ✓✓
  - Rede vir storting is om nuwe market te verower en finansiële swakker nywerhede uit mededinging te dryf ✓✓
7. GROTER EKONOMIESE STABILITEIT ✓
  - Voorkom dat land oorspesialiseer – wat 'n probleem van vryhandel is ✓✓
  - Beskerming is tot voordeel van sekondêre nywerhede en bevorder ekonomiese welvaart ✓✓
8. NATUURLIKE HULPBRONNE NIE UITGEPUT ✓
  - Vryhandel put hulpbronne uit – wêreld deel in hulpbronne ✓✓
  - Beskerming van plaaslike nywerhede teen oorsese mededinging, wat oorlewing van nywerhede verseker – vereis beplanning, bewaring en gebruik van natuurlike hulpbronne ✓✓
9. STABILISEER WISSELKOERSE EN BETALINGSBALANS OORWEGINGS ✓
  - Handelaars koop op goedkoopste en verkoop op duurste market ✓✓
  - Voer primêre produkte uit en voer vervaardigde goedere in ✓✓
  - Betalingsbalans onewewigtigheid en probleme met wisselkoerse ✓✓

Dit is uidelik dat Suid-Afrika 'n doelbewuste beleid van vryer internasionale handle toepas met die verwydering van handelsbeperkings – 'n beweging na vryhandel en ontwikkeling:

- SUIDER-AFRIKAANSE ONTWIKKELINGSGEMEENSKAP (SAOG) – implementering van SAOG protocol op handle – word toegepas sedert 2000 ✓✓ SA lid van SAOG sedert 1992 ✓✓ het huidige status van VHG ✓✓ SAOG Protokol, omtrent 97% van invoere vanaf SAOG kwalifiseer vir tariefvrye toegang tot SA in 2005 ✓✓ handel behoort ten volle geliberaliseerd te wees teen 2010 ✓✓
- SUIDER-AFRIKAANSE DOEANE-UNIE (SADU) toegepas sedert 2004 ✓✓ huidige lede is Botswana, Lesotho, Namibië, SA en Swaziland ✓✓ lede onderhandel gesamentlik as VHG met res van wêreld ✓✓ huidige onderhandelingsagenda sluit gesprekke met Verenigde Nasies van Amerika en Europese Vryhandelsbond in ✓✓
- AFRIKA-UNIE ✓✓ doel om kontinent in ekonomiese- en monetêre unie te omskep ✓✓ aanvaar New Partnership for Africa's Development (NEPAD) as ontwikkelingstrategie ✓✓ voorsien streeksamewerking en integrasie ✓✓ eerste fase om 5 streeks VHGs te ontwikkel – SAOG is een van hulle ✓✓

Al hierdie ontwikkelings vind nie plaas in isolasie nie, maar vorm deel van SA se internasionale nywerheidstrategie teenoor ekonomiese verhoudings met ontwikkelde en ontwikkelende handelsvennote in die Noorde en in die Suide.

Die uwe,

\_\_\_\_\_ (jou handtekening)

JOU NAAM

Gebruik die volgende rubriek tesame met bogenoemde om die bespreking te assesser.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp.
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is aanvaarbaar, met 'n mate van foutiewe woordeskat en punktuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord lees maklik en is goed gepunktueerd.

(5)

**VRAAG 10**

Die Amerikaanse komediant, Art Buchwald, het inflasie eenkeer as volg beskryf: “In 1887 was daar ’n kroeg en restauranteienaar in San Francisco genaamd George Inflasie. Op ’n dag ontvang hy geen skeepsvrag uit die Ooste nie. Aangesien die vraag so groot was, besluit George Inflasie om 15 sent per glas, in plaas van 10 sent, te vra. Hy gebruik ook nou kleiner glase. Hierdie optrede van George het nie verhoed dat sy klante steeds sy produkte koop nie – hy verhoog dus die prys tot 20 sent, en later 25 sent. Die ander kroë in San Francisco volg sy voorbeeld en verhoog hul pryse dienooreenkomstig. Hul klante het begin kla, maar al wat hulle gesê het, was: ‘Blameer Inflasie.’”

- Mc Ewan, A & Weisskopf

Skryf ’n opstel oor inflasie, waarin die beleide wat aangewend word om dit te beveg, bespreek word. Sluit jou opstel af met die belangrikste maatreëls wat gebruik word deur die Reserwebank om inflasie te beveg en gee jou mening of dit werk of verander moet word.

**[50]****INLEIDING**

’n Volgehoue en aansienlike toename in die algemene prysvlak en ’n gelyktydige afname in die koopkrag van geld ✓✓✓ (maks 3 punte)

**INHOUD**

**Fiskale maatreëls:** Minister van Finansies dmv belasting- en bestedingsbeleid om inflasie te beheer. ✓✓

- Indien oorskot vraag ✓ in ekonomie, wat inflasie stimuleer, kan fiskale owerhede vraag verminder deur direkte belastingheffing ✓✓ bv. persoonlike inkomstebelasting ✓✓
- Indirekte belasting bv. BTW of aksynsregte kan gehef word ✓✓
- ’n Leningsheffing kan ingestel word of vermeerder word ✓✓
- Staat kan terug sny op besteding ✓ deur uitstel, vermindering, kansellasië van owerheidsprojekte ✓✓ bv. damme, paaie, skole ✓✓
- Finansiering van begrotingstekort ✓ moet op nie-inflasionêre wyse geskied ✓✓ bv. lenings van nie-banksektor ✓✓
- Instel van kostes ✓ op ingevoerde goedere om inflasie te beheer ✓✓ bv. op luukse goedere ✓✓
- ’n Alternatiewe benadering om inflasie te verminder is ingestel in VSA bekend as aanbodkant-ekonomie ✓✓
- Dit kan gedoen word deur belastingvermindering op persoonlike inkomme om mense aan te moedig om harder te werk ✓✓
- Belastingafslag op Maatskappye om investering en kapitaalgroei aan te moedig ✓✓
- Vermindering van belasting op rente en dividende om groter besparings aan te moedig ✓✓
- Verminder owerheidsbesteding ✓✓ (maks 14 punte)

**Monetêre maatreëls:** vermindering of aanpassing van hoeveelheid geld in sirkulasie in ekonomie ✓✓

- Volgehoue fyn balans tussen goedere en dienste (reële sektor) en die monetêre sektor ✓✓ (geldaanbod, krediet)
- Inflasie veroorsaak deur surplusvraag kan verminder word deur monetêre owerhede se vermindering van geldaanbod ✓✓
- Bankkoerse ✓ die sentrale bank moet besluite neem oor die posisie van rentekoerse ✓✓
- Buitensporige krediet ✓ beperk toekenning van krediet aan banke ✓✓
- Morele oorrading ✓ banke moet versigtig wees met toekenning van krediet ✓✓
- Vermindering van wisselkoersbeheer ✓ (maks 14 punte)

**Ander maatreëls:** Hang af van mengsel van beleide in gegewe situasie ✓✓

- Toename in produktiwiteit ✓ positiewe langtermyn maatreël om inflasie te verminder ✓✓
- Prysbeheer ✓ direkte metode om inflasie te beveg ✓✓ bv. vasgestelde pryse
- Loonbeleid ✓ - gebruik om inflasiespiraal van toenemende lone te breek ✓✓
- Strenger toestande vir verbruikerskrediet ✓ inlywing van behoefte na deposito in krediettransaksies ✓✓
- Moedig persoonlike besparing aan ✓ wanbalans tussen vraag en aanbod veroorsaak deur inflasie word reggestel, want groter besparings impliseer dat aanbod uitbrei terwyl vraag daal ✓✓
- Invoerbeheer ✓ laat meer invoere toe om plaaslike pryse te verswak ✓✓
- Swewende wisselkoers ✓ pryse word outomaties aangepas by internasionale toestande ✓✓
- Indeksering ✓ inflasie kan nie geklop word nie – skadelike effek moet net verminder word ✓✓
- Inflasieteikens ✓ sentrale owerheid en sentrale bank bepaal teiken vir inflasiekoers en pas beleidsmaatreëls toe in poging om teiken te bereik ✓✓ (maks 14 punte)

**Rentekoerse:** mees belangrike instrument gebruik deur SARB ✓✓ beïnvloed deur repokoers ✓✓ huidiglik a.g.v. buitensporige privaatverbruiksbesteding in die land ✓✓ (maks 6)

### Samevatting

Enige aanvaarbare sin kan as korrek aanvaar word (maks 2)



Gebruik die volgende rubriek tesame met die bogenoemde om die leerder se antwoord te assesseer.

PUNTE	INTERPRETASIE VAN ONDERWERP
1	Die kandidaat toon 'n mate van begrip rakende die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp.
2	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer maar het nagelaat om relevante feite aan die onderwerp te koppel.
3	Die kandidaat het die onderwerp korrek geïntrepreteer en genoeg relevante feite aan die onderwerp gekoppel.

PUNTE	TAALGEBRUIK
1	Taalgebruik is aanvaarbaar, met 'n mate van foutiewe woordeskat en punktuasie.
2	Taalgebruik is goed. Antwoord lees maklik en is goed gepunktueerd.

(5)

---

**TOTAAL AFDELING C: 100****GROOTTOTAAL: 300**